

Geliefde Lourensrivierder

Hoe wonderlik is die reën nie? Dis so 'n groot teken van hoop.... In een van die episodes van "Oppad met Dana" op die TV-kanaal VIA het iemand vir Dana Snyman gesê dat HOOP 'n Christelike (geestelike) begrip is en nie andersins betekenis het, verduidelik of verstaan kan word nie.... (*my eie verduideliking van wat die persoon gesê het*).



**HEBR. 10:23** "Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy belof het.

**"Laat ons vashou" ....** Die werkwoord dui op 'n besliste en ferm greep. Dis in 'n vorm wat voortgaande aksie beklemtoon. Hierdie vashou moet dus 'n lewenskenmerk wees. Voorts is dit nie net 'n bevel in die algemeen nie, dit beteken dat dit vir ons almal geld.

**"Onwankelbaar"....** Dis hoe ons moet vashou. Dis 'n sterk begrip, wat sê dat dit nie huiwerig of lusteloos moet gebeur nie, maar doelgerig, dinamies en met beslistheid.

**"Die hoop"...** Dis wat moet vasgehou word. Hoop is een van die groot begrippe van die Nuwe Testament en die Christelike lewe. Volgens 1 Kor 13:13 is dit, saam met geloof en liefde, een van die dinge wat "bly". Ons praat dus nie hier van 'n sekondêre saak nie! (vgl. Rom 8:23-25).

Ons sou die Christelike hoop só kon definieer: Dis 'n opgewonde en volhardende geloofsverwachting dat God se beloftes oor die toekoms in vervulling sal gaan. Hoop is niks anders nie as vooruitgerigte geloof!

Hoop het 'n subjektiewe kant (soos liefde en geloof). Dis iets wat mens innerlik beleef, iets wat jy voel - dis 'n innerlike genadewerk van die Gees.

Maar hoop het ook 'n objektiewe kant (net soos geloof en liefde). Dit het dus inhoud. Dis nie net 'n naïewe, ongedefinieerde optimisme nie. Dit is hoop op verlossing (2 Kor 1:8-10); op die wederkoms van Christus (Tit 2:13); op die opstanding uit die dood (1Tes 4:13-18; 1Joh 3:2-3); op volkome heerlikmaking (Rom 5:2); op die ewige lewe (Tit 1:1-2; 3:7).

**Egte Bybelse hoop is dus gerig op die afronding en vervolmaking van ons verlossing in Christus.**

Geskryf deur Roy Daniel

## NUUSKRUMMELS: 31 AUGUSTUS 2017

### NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

**M.A.G.**  
Meisies Agter God

Nooi elke vrou in jou lewe  
vir 'n amazing oggend  
propvol bederf en 'n  
**WOORD** van GOD vir JOU!

Tema: Waarde van 'n vrou  
Datum: 9 September 2017  
Tyd: 10h00  
Plek: Lourensrivier Gemeente  
Kostas: R50 p/p

### **"MAG" NIE UITMIS NIE ☺**

**(Nog net 1 week... nie baie kaartjies meer oor nie!)**

As jy 'n mamma, tannie, vrou, sussie, niggie, ouma of oumagrootjies is: Dit is waar jy die 9/9 MOET wees .

**Moenie uitmis nie, daar is soveel bederf!**

Kaartjies by Lourensrivier Kerkkantoor beskikbaar  
(021 853 5991)

-praise & worship 🎵

-spreker ☺

-danse 🕺

-pryse 🎁

-eet- en drinkgoed 🍷

-photobooth 📷

Moet asseblief nie van hierdie wonderlike oggend vergeet nie!

**NAVRAE: Anneli Theron @ 071 586 1808**

# Jou huwelik maak saak

Doen iets,  
gee iets spesiaal  
vir jou maat

[www.sahuweliksweek.co.za](http://www.sahuweliksweek.co.za)



Huweliksweek  
Aan jou gebring deur intiem SA

## HUWELIKSWEEK: 1 – 7 SEPTEMBER

Jip, dis inderdaad weer hierdie tyd van die jaar. Daar is nie nuwe kursusse nie aangesien die huidige programme baie gewild en van so 'n aard is dat dit weer en weer gebruik kan word. Huwelike is lewend en omstandighede verander, dus het dieselfde onderwerpe nodig om keer op keer besoek en aangespreek te word. Die tema hierdie jaar is: **JOU HUWELIK MAAK SAAK.**

Persone wat reeds op die webwerf geregistreer is, sal weer daagliks e-posse kry met inspirasie en iets mooi. Op die webwerf is ook verskeie relevante 'printables' wat gratis afgelaai kan word.

Skakel na Webwerf: <http://www.sahuweliksweek.co.za>

Skakel na FB: <https://www.facebook.com/sahuweliksweek/>

Die kursus waarop ons hierdie jaar fokus is:



### **Kommunikasie is die sement van die "huwelikhuis"**

Net soos 'n huisie, het die huwelik kwaliteit kommunikasie nodig om tot stand te kom en aan te hou om suksesvol te funksioneer. Soos wat die sement van 'n huisie swak aangemaak kan wees en die huisie dan baie gou kraak, verbrokkel en breek, so ook kan kommunikasie in ons huwelikhuisies swak aangemaak wees. Die gevolg sal wees dat die huwelikhuisie ook gou kraak, verbrokkel en breek. Maar as ons kommunikasie reg is, sal die huwelikhuisie, oftewel die huweliksverhouding, nooit kraak, verbrokkel of breek nie.

Ek sal elke dag vanaf die 1ste die nodige inligting vir die kursus aanstuur. Daar sal weer geleentheid wees op Sondag, 17 September om jou troubeloftes opnuut aan jou maat te bevestig. Elke paartjie kry 'n slotjie met hul name op om aan ons Liefdesbrug in die voorportaal te hang.🎵

### **Meer oor HUWELIKSWEEK SA: 1-7 September**

SA Huweliksweek is 'n veldtog wat fokus op die huwelik as 'n heilige instelling deur:

1. Toe te sien dat dié instelling in sy eer herstel word as 'n ewige belofte,
2. Paartjies tot aksie te motiveer, met die wete dat 'n gesonde huwelik innerlike vervulling bring en die vermoë het om uit te kring na die volgende geslag.
3. Suid-Afrikaanse pare te inspireer om op te staan vir huwelike en dit te beskerm met toerusting soos geloof, kennis, deursettingsvermoë en gesindheid.
4. Die land bewus te maak van die psigologiese rol wat huwelike speel in die welstand van ons samelewing en die voorkoming van gebroke kinders en gevolglik misdaad.
5. Die egskeidingsyfer onder die land se aandag te bring as 'n nasionale probleem wat dringend aangespreek moet word.
6. Die noodsaaklikheid te beklemtoon vir paartjies om verantwoordelikheid te neem vir hul eie huwelike en pro-aktief op te tree teen egskeiding.
7. Die idee te versterk dat die huwelik 'n sleutel is tot vryheid, emosionele rykdom, sekuriteit, 'n gesonde ekonomie, die verwesenliking van potensiaal en 'n jeug met toekomsvisie.

**Visie:** Om paartjies te inspireer en motiveer om op die welstand van hul huwelike te fokus en sodoende 'n heel gesin en gevolglik 'n gesonde samelewing te vestig. Ons visie in ander woorde: *"When there is love in a marriage, there is harmony in the home; when there is harmony in the home, there is contentment in the community; when there is contentment in the community, there is prosperity in the nation; when there is prosperity in the nation, there is peace in the world (Chinese gesegde)."*

- Missie:** Om paartjies toe te rus met die nodige visie, kennis, inspirasie en motivering om sterk en gelukkige huwelike te bou
- Dra 'n wit lint gedurende Huweliksweek om jou ondersteuning te wys. Sit dit aan jou handsak, om jou arm of steek dit vas met 'n speldjie
  - Bind 'n groot wit lint/strik om 'n boom voor jou huis
  - Volg enige van die verskeie huwelikskursusse wat gratis beskikbaar is vir aflaai. Skakel na webtuiste: [www.sahuweliksweek.co.za](http://www.sahuweliksweek.co.za)
  - Gebruik ons [amptelike plakker](#) as jou Facebook profielfoto van 1-7 September.

### Hardloop jy uit idees uit vir Huweliksweek? Hier is 10 oulike tips om jou huwelik behóórlík te vier!

1. Blaas 'n ballon op vir elke jaar wat julle getroud is. Skryf iets moois van jou maat op stukkies papier en plaas een in elke ballon. Jou maat sal mal wees daaroor om elke ballon te pop en te ontdek wat jou lief maak vir hom/haar!
2. Hou 'n droom-aand. Lê op 'n piekniekkombers op die gras, op jul rûe en staar vir die sterre terwyl julle droom oor jul korttermyn planne en jul langtermynplanne. Sommige drome kan haalbaar wees, maar daar kan selfs drome wees waaroor julle maar net kan droom . . .
3. Gebruik jou selfoon om 'n video vir manlief op te neem. Vertel hom wat jy van hom liefhet en waardeer en stuur dit vir hom.
4. Begrawe 'n houer in jul agtertuin met iets spesiaals om hierdie jaar te simboliseer. Dalk 'n foto of net 'n mooi brief aan mekaar.
5. Skakel die televisie af gedurende aandete elke aand hierdie week. Dit maak 'n groot verskil in paartjies se verhouding omdat hulle skielik tyd het vir mekaar en beter na mekaar luister (sonder die rugby game wat in die agtergrond blêr!)
6. Ruil take om vir hierdie week. Dit is dalk nie so prakties nie, maar kyk of julle minstens een van jul gereelde take kan uitruil. Manlief kan miskien bietjie die kinders skool toe vat, terwyl jy die swembad skoonmaak. Dit is 'n manier om bietjie in jou maat se skoene te klim en hom/haar van nuuts af opreg te waardeer.
7. Raak sentimenteel op sosiale media. Soek vandeeweek mooi aanhalings, foto's van julle twee saam en inspirerende gedagtes om te post of te tweet. Onthou om manlief te tag sodat hy hulle ook raak lees en weet toe jy die gedagte neergeskryf het, het jy aan hom gedink. Volg Huweliksweek gerus op Facebook, Twitter en Instagram.
8. Maak 'n wynkapsule. Koop 'n goeie bottel wyn (gaan dit vooraf met 'n wynproe as julle kan). Gesels saam oor jul beplanning vir die jaar wat voorlê, amper soos liefdesvoornemens, en seël dit in die leë wynbottel – wat julle eers gedurende volgende jaar se huweliksweek mag oopmaak.
9. Maak dienslewering 'n prioriteit. Hoeveel jaar is julle getroud? Miskien 12? Besluit dan om twaalf goeie dade te lewer – amper soos 'paying it forward'? Hierdie dade moet iemand anders se huwelik bevoordeel. Gesels met 'n paartjie oor 'n ervaring wat julle deurgemaak het. Bied aan om 'n paartjie se kinders op hul date night op te pas. Koop 'n beradingsessie vir vriende van julle wat deur 'n moeilike tyd gaan . . .
10. Hou 'n geskiedenisstoer van jul verhouding. Besoek al die plekke wat vir julle albei iets beteken. Miskien die plek waar julle ontmoet het, waar julle op jul eerste afspraak was, waar julle verloof en getroud was. En selfs die hospitaal waar jul eersteling gebore is!

Koop solank kaartjies vir die heerlike potjiekospotte wat daar gaan wees. Soos julle weet, vlieg die kaartjies gewoonlik (daar is net 12 van elk) en jy wil nie daardie smaaksensasie misloop nie 😊

**Kaartjies is R45 pp.**

Die volgende potjies sal beskikbaar wees: *Oxtail, Hoender; Kerrie, Maalvleis; Waterblommetjie x 2; Seekos.*

**Julle is ook welkom om te EFT met Voorletter, Van & Soort Potjiekos as verwysing.**

**Indien iemand nog wil bydra tot Voedsel fees, hier is die Bankbesonderhede:**

ABSA Strand, NGK Lourensrivier; Rekeningnommer: 420580231; Verwysing: Jou naam & Vfees

Enige navrae: [fin@lourensrivier.co.za](mailto:fin@lourensrivier.co.za) of 021 8535991

Vriendelike Tuinparadys Groete

**Gerda: 021-8547191/0824661766 & Apolonia: 021-8537560/0825077091**

## NUUS UIT DIE GEMEENSAP



### Deon Lotz en Waldemar Schultz - Net 'n chillie Burger & Chips asb!

Dié komedie speel af in die kombuis van Skyfies en Burgers, 'n lekker burger joint in Parow. Dit behoort aan twee vennote, Bruwer Dippenaar en Adriaan Burger. Adriaan is gefassineerd met Kokkedoor en neem internet kooklesse by Burger Schlebusch, baaskok en überkosblogger. Hy is filosofies ondersoekend na die betekenis van kos en eksperimenteer graag met nuwe smake en tegnieke. Bruwer maak grappies oor sy naam, drink dalk te veel en werk voor. Die probleem is die onbesonne sakebesluite wat Bruwer gemaak het en nou is Skyfies en Burgers op die rand van bankrotskap. Gaan 'n Beste Burger kompetisie die besigheid red en gaan die vennootskap die crises oorleef?

Die produksie is reeds met sukses opgevoer by die US Woordfees, KKNK, Innibos fees en Aardklop Kunstefees in Potchefstroom. Met Deon Lotz tans te siene in onder andere die rolprent Dis koue kos, skat en Waldemar Schultz tans te siene in Die Byl op Kyknet, teks deur Ferdinand Bekker en regie deur Gaerin Hauptfleisch.

**WAAR?** 25 Comprop Square, Henry Vos Close, Asla Business Park, Somerset West,

**KONTAK:** Sue @ 0732152290 of Chantal @ 0836331057

**KAARTJIES:** R117 - R130

## Berg 80 Verjaarsdae: Sept

Van	Noemnaam	Verjaar /	Ouderdom
Van Onselen	Joey	09/02	90
Van Zijl	Burrie	09/06	81
Arangies	Helena	09/09	87
Langenhoven	Hennie	09/17	82
Loxton	Anstone	09/23	80
Smith	Helene	09/23	86
Tancred	Doreen	09/23	81
Oosthuizen	Marie	09/26	86
Kotzé	André	09/29	86
Pienaar	Nico	09/29	87



Mag jul die Here se seën  
voortdurend ervaar

### KNIEWERK:

- ✦ Wees 'n "Prayer Warrior" saam met ons vir ons land, dorp, gemeenskap, gemeente en meer. Lemari Fourie, een van ons gemeentevroue het 'n pragtige FB blad "Bid vir SA" begin. Gaan "LIKE" en bid saam: <https://www.facebook.com/Bid-vir-SA-Pray-for-SA-1684359495113003/>
- ✦ Kankerbehandeling: Owen Wallis; Sannie le Roux; Annette Laten; Stanley Oosthuizen
- ✦ Angelique Stassen steeds in hospitaal
- ✦ Jan Volschenk vir bestraling by Tygerberg Hospitaal
- ✦ Marie Koch steeds terug na ICU
- ✦ Piet Nortjé vir gesondheid

### TERUGVOERING/GEBEDSVERHORING:

**Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.**

### FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 3 SEPT SE BOODSKAP: EKS 3:1-15

#### **(DERTIENDE WEEK IN KONINKRYKSTYD)**

"Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur." Verder sê God vir Moses: "Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: 'Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.' Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag. God vergeet nie Sy kinders nie en antwoord op hul noodkrete. Ander gode het name waaraan 'n sekere identiteit gekoppel word bv. "god van vrugbaarheid" wat hul beperk tot wat hul kan doen, maar God kan nie in 'n boksie geplaas word nie. Daar is geen beperking aangaande God nie. Hy openbaar daagliks Sy karakter aan ons, soos ons die pad met Hom stap. Aangeheg is 2 inspirerende videogrepe oor ons Here, die almagtige "Ek Is":

<https://www.youtube.com/watch?v=-iBtwAeM14> & <https://www.youtube.com/watch?v=-EFLRDNaX-Y>



Jackie@Lourensrivier

**OORGEE, OMGEE, AANGEE**